

20 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 23:11-35

Bewakers van die evangelie

Die mens wik maar God beskik. Sommige Jode smee 'n komplot in samewerking met die Joodse Raad om Paulus dood te maak (verse 12,14). Die eed wat hulle sweer om nie te eet of te drink voordat hulle Paulus uit die weg geruim het nie, verrai hulle desperaatheid. Lukas vertel in besonderhede (verse 16–22) hoe God verhoed dat die Jode se komplot uitgevoer word. Dit is ironies dat Paulus by sy eie mense geen hoop op geregtigheid het nie, maar dit alleen by die Romeine kry. Tot beskaming van die Jode tree die gehate Romeine hier na vore as die “bewakers van die evangelie”.

Met die grootste moontlike sorg word toegesien dat Paulus veilig aankom in Sesarea, waar die Romeinse goewerneur gesetel was. Die besondere wyse waarop die Here oor Paulus se lewe waak, kom hierin na vore. Die Romeinse kommandant laat Paulus na Sesarea oorplaas nadat hy bevind het dat daar niks in Paulus se optrede is wat die doodstraf regverdig nie. Onder begeleiding van 470 soldate (vers 23) word hy na Sesarea oorgeplaas. So verleen die Romeine onbewus status aan Paulus as amptelike gesant van die evangelie. Ook Feliks, die Romeinse goewerneur, tree onpartydig op. Hy moet die saak uitstel totdat Paulus se klaers aankom (vers 35). Paulus bevind hom nou tussen twee magte: die vyandigheid van die Jode wat sy dood soek, en die onpartydigheid van die Romeine wat die reg handhaaf. Laasgenoemde skeep minstens die ruimte vir die voortgang van die evangelie; die eerste bestry dit aktief. Bo alles troon die Here egter in sy almag en heerskappy. Hy is in beheer. Dit troos werklik. Alles rondom ons en in ons kan wankel. Ons verloor maklik moed en vertrou. Wie het dan nou verander: God – of jy? God verander nie en Hy is nog steeds dieselfde in sy almag, wysheid en barmhartigheid. Hoop op God, ook om sy koninkryk te laat kom.

Sing: Psalm 2:6

Prof F Denkema (Potchefstroom)